# Hoofstuk 11
# Ry die golf van verandering

Ons leerders word verswelg deur verandering. As tieners moet hulle liggaamlike veranderinge sowel as emosionele skommelinge trotseer. Hulle moet byhou by tegnologiese verandering wat teen ŉ geweldige tempo plaasvind. Om alles te kroon is hulle vanjaar in graad 10 wat akademies ŉ groot sprong van graad 9 af is. Hierdie hoofstuk wil hulle help om verandering te omhels eerder as te vrees.

## Luister en praat

**Aktiwiteit 11.1 Gesels in groepe**
Begin hierdie aktiwiteit deur te verwys na *Lion King*, die bekende tekenprent-rolprent wat in 1994 vervaardig is. Simba, die jong leeutjie word deur sy wrede oom, Scar, bedrieg en Simba verlaat sy trop en gebied onder die indruk dat hy vir sy pa se dood verantwoordelik was. Hy probeer sonder bekommernisse leef, maar sy verlede haal hom in en hy moet besluit: Wil hy ’n uitgeworpene bly of gaan hy sy probleme in die oë kyk en word wat hy moet word. Rafiki, die mandril, se woorde aan Simba is so waar: “Verandering is goed, maar nie altyd maklik nie.”

Laat die klas in groepe oor die drie vrae op bl. 117 in die Leerdersboek gesels. Laat die leerders aan die einde van die groepbespreking hul insigte individueel met die klas deel. (10 minute)

## Lees en kyk

**Aktiwiteit 11.2 Lees ’n gedig**
**Pre-lees**
Kry die leerders gereed om hierdie gedig te waardeer deur hulle byvoorbeeld vooraf met hul Lewenswetenskaponderwyser te laat gesels oor die verskynsel dat motte in vlamme vasvlieg of gee dit as kort navorsingsaktiwiteit in week 21. Laat hulle dit in paragraafvorm neerskryf. Speel vir hulle Lucas Maree se liedjie “Mot om die kers”. (Beskikbaar op die CD, *Mot om die kers* (1998)). Jy kan ook aanlyn vir die leerders speel by https://www.youtube.com/watch?v=X0DQcfmji_Q.Laat hulle dan vir verryking die ooreenkomste en verskille tussen die twee tekste uitwys. Raak hier die begrip van intertekstualiteit aan.

**Tydens lees**
Lees die gedig voor. Goeie lesers in die klas kan ook beurte maak om te lees. Daar kan drie sprekers wees wat in elke strofe die rol van die mot lees. Die alomteenwoordige spreker lees die laaste strofe. Leerders wat minder vlot lees, kan hierdie toneeltjie vertolk: Een kan die kers wees en die ander een die mot.

**Post-lees:**
Die belangrikste elemente om in hierdie gedig te behandel is:
- Strofebou: vier kwatryne (vierreëlige strofes)
- Rympatroon: gebroke rym (abcb), kruisrym (abab) en halfrym (alliterasie en assonansie)
- Stylfiguur: herhaling
- Beeldspraak: sirkelvlug van mot as wiel voorgestel (metafoor)

- Woordspeling op “as”: Dit kan verwys na dit wat oorbly na verbranding, m.a.w. die oorblyfsels van die verbrande mot. Maar dit kan ook die staaf/voorwerp wees waarom iets in die rondte draai, m.a.w. die middelpunt van die mot se sirkel om die kers.
- Boodskap: Moenie gevaarlike situasies onderskat nie.

Leerders beantwoord nou die vrae oor die gedig skriftelik.

11.2.1 ’n Strofe wat uit vier reëls bestaan, noem ons ’n … (1) [DV1]

*Kwatryn*

11.2.2 Die rympatroon in die tweede strofe noem ons… rym. (1) [DV1]

*kruisrym*

11.2.3 Die herhaling van die d-klank in “dom en dwaas” noem ons ... (1) [DV1]

*alliterasie*

11.2.4 Waarom word die woord “ver” drie maal herhaal in die eerste strofe? (1) [DV3]

*Herhaling is ’n stylfiguur wat dikwels gebruik word om ’n sekere gedagte te beklemtoon. In hierdie geval wil dit die waaksaamheid van die mot beklemtoon – sy voorneme om nie naby aan die gevaar te beweeg nie.*

11.2.5 Hoe verander die mot van besluit in die tweede strofe? (2) [DV3]

*Van passiwiteit (1) na aktiwiteit.(1) OF Die mot sit nie net meer en kyk nie(1); nou vlieg hy.(1)*

11.2.6 Hoe verskil die mot se sirkel in strofe 3 van sy sirkel in strofe 2? (2) [DV2]

*In strofe 2 was die sirkel wyd en ewe ver van die vlam af. (1) In strofe 3 is die sirkel nouer en ingebuig.(1)*

11.2.7 Watter beeld gebruik die spreker in die laaste strofe om die mot se vlug om die kers te beskryf? (2) [DV3]

*Dit is die beeld van ’n wiel (1) wat vinnig om sy as draai.(1)*

11.2.8 Haal TWEE aparte woorde uit strofe 3 aan om die mot se sirkel te beskryf.(2) [DV2]

*“skeef” en “ingebuig”*

11.2.9 Wat is die funksie van die aksenttekens op die woord “dáár” in strofe 3? (1) [DV3]

*Aksenttekens word hoofsaaklik ingespan vir beklemtoning. In hierdie geval beklemtoon dit die posisie van die mot, m.a.w. naby die vlam. Die mot gebruik beklemtoning om sy saak/posisie te regverdig.*

11.2.10 Soek ’n woord in strofe 4 wat dieselfde beteken as “lekkerte”. (1) [DV2]

*“genot”*

11.2.11 Verduidelik kortliks wat woordspeling is en dui dan die woordspeling in die laaste twee reëls aan. (3) [DV3]

*Woordspeling is die gebruik van ’n woord wat verskillende betekenisse aanneem. (1) In hierdie geval is dit die woord “as”. In die eerste betekenis verwys “as” na die binnenste deel waarom die wiel draai (1). In die tweede betekenis verwys dit na die oorblyfsels nadat iets gebrand het. (1)*

11.2.12 Wat, dink jy, was die grootste fout wat die mot begaan het? (1) [DV4]

*Aanvaar hier verskillende moontlike antwoorde: Byvoorbeeld: Die mot het nie by sy oorspronklike besluit gebly nie; die mot het selfvoldaan geword; die mot het te gerus geraak (of iets soortgelyks).*

11.2.13 Hoe kan ons die mot se optrede toepas op mense? Hou jou antwoord by vraag 10 in gedagte. (1) [DV4]

*Net soos die mot, bly mense ook dikwels nie by hulle oorspronklike besluite of dit wat hulle geleer het wat reg is nie. (of iets soortgelyks).*

11.2.14 Watter boodskap wil die spreker met hierdie gedig oordra? Hou nou jou antwoorde op die vorige twee vrae in gedagte. (1) [DV4]

*Moenie jou laat mislei deur ’n situasie wat onskuldig lyk nie; bly by wat jy geleer het reg is.*

11.2.15 Voel jy jammer vir die mot? Motiveer jou antwoord. (1) [DV5]

*Ja. Die mot het 'n verkeerde besluit geneem en duur daarvoor betaal. OF Nee. As jy nie wil hoor nie, moet jy voel.* [Totaal: 20]

## Skryf en aanbied

### Argumenterende paragraaf

**Vooraf:**
Laat die leerders terugblaai na hoofstuk 4 en werk weer saam met hulle deur die hamburger-styl van paragraafbou. Dis belangrik dat hulle weet dat alles wat hulle in vorige hoofstukke leer, boustene is vir volgende vaardighede. Hulle het reeds kennis gemaak met 'n verhalende opstel. Nou moet hulle leer om argumenterend te skryf. Later in hierdie hoofstuk leer hulle ook beskrywend skryf.

Om te argumenteer, is standpunte/feite nodig, maar ook die geskikte verbindingswoorde. Help die leerders om die volgende woorde te leer ken ken en te kan gebruik om sinne logies te verbind. Gebruik self hierdie woorde doelbewus in die klas gedurende hierdie twee weke sodat leerders kan hoor hoe die woorde "in aksie" klink.

As jy iets by jou standpuntstelling wil byvoeg: *verder; sowel as; in werklikheid; ten opsigte van*
As jy dieselfde gedagte anders wil stel: *met ander woorde; eerder*
As jy voorbeelde wil insluit: *byvoorbeeld; naamlik; veral; spesifiek; hoofsaaklik*
As jy feite opnoem: *eerstens; ook; vervolgens; ten slotte; laastens*
Ander nuttige woorde: *ten spyte van; alhoewel; terselfdertyd; aan die een/ander kant*

Wys leerders ook daarop dat hulle die argumentatiewe styl gaan nodig kry wanneer hulle vir die debat voorberei.

**Aktiwiteit 11.3 Skryf 'n argumenterende paragraaf**
*KABV bl. 38 en 39*

Hierdie paragraaf sal nie behoorlik geskryf kan word indien leerders nie die nodige kennis oor die onderwerp het nie. Verwys leerders na die volgende webwerwe of skryf self 'n kort artikel gebaseer op die inligting en gee dit vir leerders om te lees vir die volgende les wanneer hulle die paragraaf gaan skryf.
Kom meer te wete oor E-handboeke in:

- *huisgenoot.com/nuus/**hand-boek**-vry-skole-so-werk-dit/*
- *www.sun.ac.za/afrikaans/Lists/news*
- *www.rooirose.co.za/article.*
- *www.dievryburger.co.za*

Lei die leerders deur die stappe in die Leerdersboek op bl. 119. Hou ook die inligting op bl. 39 van die KABV byderhand. Daar word die doel, teksstruktuur en taalkenmerke duidelik uiteengesit.

**Assessering:**
Hierdie paragraaf hoef nie formeel geassesseer te word nie. Leerders kan dit aan die klas voorlees of een goeie voorbeeld kan afgedruk en aan die klas uitgedeel word. Maak seker dat die

verbindingswoorde wat ingeoefen is, wel in die paragraaf gebruik is.

## Luister en praat

**Aktiwiteit 11.4 Luister en neem deel aan ’n formele debat**
*KABV bl.24*
Op bl. 24 van die KABV word die doel en kenmerke van ’n debat sowel as die debatprosedure uiteengesit. Behandel dit sorgvuldig met die klas. Gebruik twee periodes vir die debat. Die onderwerp is: *Skoolhandboeke moet deur e-boeke vervang word*

**Aktiwiteit 11.5 Kry intrige en ander dramabegrippe onder die knie**

11.5.1 Rangskik nou die volgende gebeure in die korrekte volgorde soos dit in die drama plaasgevind het.

| | |
|---|---|
| F | Die jong mans wou ’n bejaarde toeris beroof. |
| B | Dit het gelyk asof die bejaarde aan ’n hartaanval gesterf het. |
| C | Die jong mans het weggehardloop. |
| E | Die jong mans het in ’n grot beland. |
| A | Die pa se oorskot is gevind. |
| D | Die jong mans het hul lewens verander, |

11.5.2
a. Skryf die name neer van die karakters wat die hoofrolle in hierdie drama vertolk.
*Melvin en Malik*
b. Hoe sal jy die buurt beskryf waar hierdie karakters grootgeword het?
*Nie ’n gegoede buurt nie/arm buurt*
c. Hoe sal jy die atmosfeer in die grot beskryf toe die twee jongmans die geraamte gesien het?
*Gespanne en vreesaanjaend*

11.5.3

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 11.5.3.1 eksposisie | F Ons lees hoe swaar die jongmans grootgeword het. |
| 11.5.3.2 motoriese moment | D Die jongmans wou die toeris beroof. |
| 11.5.3.3 ontwikkeling | B Die jongmans hardloop vir die polisie weg. |
| 11.5.3.4 krisis | C Die tak breek onder die jongmans se gewig. |
| 11.5.3.5 hoogtepunt | E Die jongmans ontdek die geraamte in die grot |
| 11.5.3.6 ontknoping | A Die jong mans gaan terug huis toe en vind uit wat werklik gebeur het |

## Skryf en aanbied

**Aktiwiteit 11.6 Skryf ’n beskrywende opstel**
*KABV bl. 41*
Bladsy 41 van die KABV sit die doel, teksstruktuur en taalkenmerke van ’n beskrywende opstel uiteen. Dis ook verwerk in die kontrolelys in die Leerdersboek.

**Wenk:** Druk die kontrolelys in die Leerdersboek vir elke leerder af en laat hy/sy dit aan die einde van hul opstel inplak. Dis dan maklik om kommentaar te lewer op die opstel.

**Assessering:** Hierdie opstel hoef nie formeel geassesseer te word nie. Konsentreer net op sekere aspekte wat jy wil laat inoefen, bv. goeie inleiding en slot, korrekte gebruik van hooftye en beskrywende woorde.

## Taalstrukture- en konvensies

### Tydsvorme

Hooftye word reeds op laerskool onderrig word; daarom moet die gebruik daarvan net in graad 10 verder vasgelê word. Bladsy 49 van die KABV sit die tipe werkwoorde sowel as die hooftye wat moet aandag kry uiteen. Onthou om die taalstrukture en -konvensies altyd binne konteks van lees en skryf te onderrig.
Verwys leerders wat sukkel na die Opskerpgids agter in hulle handboeke.

### Aktiwiteit 11.7 Oefen tydvorme

*KABV bl. 45*
Sien die oefening met die leerders in die klas na.

11.7.1 Skryf die volgende paragraaf oor in die verlede tyd
*Onthou jy wat met die larwe <u>gebeur het</u>? Hy <u>het gedink</u> dit <u>was</u> die einde van die wêreld, maar vir die skoenlapper <u>was</u> dit die begin van iets nuuts! Verandering <u>was</u> nie vir die larwe maklik nie.*

11.7.2 Skryf die volgende twee paragraaf oor in die teenwoordige tyd.
*Die beste manier om aan te pas <u>is</u> om te besef dat verandering noodsaaklik is. Dit <u>is</u> nie noodwendig iets negatiefs nie. Daar <u>is</u> positiewe en negatiewe veranderinge. Verandering <u>kan</u> op baie maniere gebeur. Dalk <u>is</u> dit 'n nuwe skool. Al wat die verandering <u>vra</u>, <u>is</u> dat jy jou roetine <u>moet</u> verander. En daardie aanpassing <u>veroorsaak</u> stres, want jy <u>weet</u> nie wat jy gaan kry nie. Dit <u>is</u> wat jou bang <u>maak</u> vir verandering!*

11.7.3 Skryf die volgende paragraaf oor in die toekomende tyd.
*Of jy nou daarvan hou of nie, verandering <u>sal plaasvind</u>. Dit <u>sal</u> nie <u>saak maak</u> of jy daarvan hou of nie. Jy <u>sal</u> 'n keuse <u>hê</u>. Jy <u>sal</u> teen verandering <u>kan skop</u> of jy <u>sal</u> verandering <u>kan aanvaar</u>.*

## Lees en kyk

### Drama

Jy kan die drama voorlees of die leerders kan beurte maak om die verskillende karakters te lees.
Verwys leerders wat met dramabegrippe sukkel na die Opskerpgids (agter in hulle handboek).

## Taalstrukture en –konvensies

### Aktiwiteit 11.8 Hersien die ontkennende vorm

11.8.1 Moenie bang wees om inligting te versamel nie.
11.8.2 Moenie ophou om "wat as"-vrae te vra nie.
11.8.3 Moenie altyd negatief oor die verandering dink nie.
11.8.4 Niks is permanent nie.

11.8.5 Dis nie goed om teen verandering te baklei nie.
11.8.6 Moenie vergeet dat elke dag ’n nuwe begin is nie.
11.8.7 Om ontsteld te raak, bring jou nêrens nie.

**Aktiwiteit 11.9 Hersien woordsoorte**

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 11.9.1 | lidwoord | H | **’n** Mens kan dit glad nie van buite af sien nie. |
| 11.9.2 | selfstandige naamwoord | G | Die **opening** is so beskut. |
| 11.9.3 | byvoeglike naamwoord | F | Hier sit hulle in ’n **kleinerige** grot. |
| 11.9.4 | werkwoord | A | Die takke **gee** onder hulle gewig mee |
| 11.9.5 | bywoord | E | **Verbaas** kyk hulle om hulle rond |
| 11.9.6 | voorsetsel | D | Hulle maak hard **met** die aarde kennis. |
| 11.9.7 | voornaamwoord | B | **Hulle** tuimel af. |

**Vir Verryking**

Leerders kan individueel of in groepsverband aan ’n collage werk waarin hulle verandering uitbeeld. Hulle moet prente uitknip wat die tema uitbeeld en ’n vir elke prent ’n byskrif gee. Dit kan ’n collage van hul eie lewens wees of hoe ’n ou motor tot sy vorige glorie herstel is of dalk hoe ’n meisie stap-vir-stap mooi gemaak word. Maak seker dat woordeskat deel vorm van die collage sodat dit nie bloot bly by die plak van prente nie. Die idee is dat leerders met hierdie verrykingsaktiwiteit die geleentheid kry om woordeskat verder vas te lê.